

Erfgename van die koninkryk

In Psalm 140:13 spreek 'n arm en hulpelose man 'n belydenis van vertroue uit: "Ek weet die Here behartig die regsak vir die hulpelose, Hy sorg vir die regsak van die arme". God se sorg vir die arme is 'n herhalende tema in die bybel. Dink maar aan die wette in Deuteronomium wat die regte van die armes uitdruklik beskerm, (Deut 15), en aan die profetiese boeke waar die profete die volk dikwels aanspreek omdat hulle die regte van die armes vertrap (Amos 4:1).

In die Nuwe Testament word die koninkryk van God op verskeie plekke gekwalifiseer as die evangelie aan die armes (Lukas 4:18, Matt 11:5, Luk 7:22). Die saligsprekinge in beide Matteus en Lukas verwys na die armes en armes van gees, wat die ware erfgename van God se koninkryk is (Matt 5:3 en Luk 6:20). Die vraag is: Wie is die armes waarvan hier gepraat word? In sowel die Ou as Nuwe Testament word van die arme in 'n sosiale en 'n godsdienstige sin gepraat. Die armes is die sosiaal-onderdrukte wat onderdruk word deur mense wat hulleself ten koste van die armes verryk. Omdat die armes weerloos is, kan hulle alleen leef met 'n verwagting en hoop op God se bevryding. Die armes is diegene wat verlang na die geregtigheid wat voortvloei uit die koninkryk van God en die bevryding wat God se heerskappy bring. Daarom is hulle die ware erfgename van God se koninkryk. Christus kom, volgens die evangelie van Lukas (Luk 4:18, 19) juis om goeie nuus te bring vir ondermeer die armes

Ware onderwerping aan Christus se heerskappy beteken dat ons allereers in onself arm moet word en afhanklik van God moet leef. Terselfertyd moet ons sorg vir die armes en weerloses. Insoverre die Christen dit doen, sorg Hy vir Christus self (Mat 25:34-36). Sorg vir die armes en weerloses is 'n bybelse opdrag, wat ons nie kan of mag ignoreer of op ander afskuif nie!

*Sing: Ps 146:1, 3
Ps 130:1 en 2
Sb 16-1:1-7*

Dr Nico Vorster (Bultfontein)